



Kindernagmaal ja of nee?

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Ek het tot onlangs in die Hervormde gemeente Nkana in Zambië gewerk. Hier gebruik oud en jonk, almal wat in Jesus glo, saam Nagmaal.

Met die eerste Nagmaalbediening daar het die vraag by my opgekom: Het ek die reg om die kinders te verbied om Nagmaal te gebruik? Is die Nagmaal dan nie net vir volwassenes bedoel nie? Na 'n Nagmaalbediening daar sê 'n ma vir my: *Dankie Ds, dat Japie wat net agt jaar oud is, ook vanaand saam met ons kon Nagmaal gebruik en nie net gekyk het hoe die brood en die wyn verbygaan en gewonder het waarom hy nie ook saam met ons kan eet en drink nie. Dit is vir ons troosvol om te weet die krip, die graf, die kruis, was ook vir hom, al is hy nog klein.*

Soos dikwels in die verlede het ek gewonder of ons nie verkeerd doen deur die Nagmaal te weerhou van kinders nie. Ek het daardie aand besef en was meer oortuig as ooit dat kinders saam met hul ouers by die verbondsmaal hoort. Ek het reeds in 1994 so gedink en geskryf in *Erediens 2*, bladsy 26.

As ons die Bybel en ons belydenisskrifte nie fundamentalisties hanteer nie, is daar waarskynlik niks wat verbied dat Nagmaal aan kinders van gelowiges bedien word nie. Van die vroegste tye af was daar kerke wat die Nagmaal aan kinders bedien het. Vandag is dit ook die gebruik by baie reformatoriese kerke. Net soos met die Doop, is die uitgangspunt dat die kinders begelei moet word deur hul ouers en dat hulle steeds moet katkiseer en belydenis van geloof moet doen.

Ons benadering was nog altyd dat ons moet vra na die boodskap en die betekenis. Wat is die betekenis van die Nagmaal? Waarom gebruik ons Nagmaal? Oor hierdie saak is die Bybel, ons belydenisskrifte en formuleer duidelik: Ons gebruik die Nagmaal ter gedagtenis aan Jesus Christus se dood en opstanding. Die Heilige Gees gebruik die Nagmaal om vir ons die sekerheid te gee dat Jesus vir al ons sonde betaal het, die dood oorwin het, ons kinders van God gemaak het. Omdat Jesus Christus ons vergewe, mag ons by sy tafel aansit.

Anders gesê: Die Heilige Gees gee aan ons geloof deur die verkondiging van die Woord en versterk dit deur die gebruik van die sakramente (Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 65). Hoe dit gebeur, gaan ons *verstand te bowe en is vir ons onbegryplik* (Nederlandse Geloofsbelijdenis Artikel 35). Uit alles behoort dit duidelik te wees: Die Heilige Gees gebruik die Nagmaal om vir ons die sekerheid van en die geloof in ons verlossing in en deur Jesus Christus te gee.

Wil God hierdie sekerheid en geloof net vir volwassenes gee? Nee, vir almal! Die Woord sê duidelik: My verbond is vir julle en vir julle kinders (Hand 2: 39). Het Jesus nie gesê dat kinders die grootste in die koninkryk van God is nie (Matt 18: 2-5)? Jeremia is nie te jonk om 'n profeet te wees nie. Die geloof van die dogtertjie wat Naäman na die profeet Elisa gestuur het, is nie te gering om hom te oortuig om te gaan nie (2 Kon 5). Het Noag, Abraham en al die gelowiges wat in Hebreërs 11 genoem word, nie gebou, getrek en gehandel sonder om regtig te weet of te verstaan nie? Hulle het net geglo.

Verstaan ons as volwassenes altyd alles? Die teologie van die Hervormde Kerk was nog altyd: God se werking gaan die mens se geloof en handeling vooraf. Daarom doop ons kinders. So preek ons elke Sondag. So behoort ons die Nagmaal ook aan kinders van gelowige ouers te bedien.

Prof Bieks Beukes (Emeritus)

***** Daar sal nie op 26 September, tydens die AKV, 'n uitgawe van *Blitspos* wees nie. Die volgende uitgawe is dié van 3 Oktober.**

Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 4 Oktober, en word hartlik geluk gewens:**

- o Donderdag 19 September: Di AJ (Attie) Hattingh (Krugersdorp-Noord) en AJ (Kobus) Pienaar (Kruin)
- o Sondag 22 September: Di ZE (Zet) Robberts (emeritus) en E (Errol) Sheppard (Rietspruit)
- o Maandag 23 September: Di DW (Wouter) Beukes (emeritus) en dr GJ (Gert) Malan (Mosselbaai)
- o Dinsdag 24 September: Dr JM (Thinus) van Staden (Montana)
- o Donderdag 26 September: Ds MJ (Marna) van der Westhuizen (beroepafwagting)
- o Saterdag 28 September: Prof IWC (Natie) van Wyk (emeritus)
- o Sondag 29 September: Ds BM (Buddie) Dupper (emeritus/Pongola)
- o Woensdag 2 Oktober: Ds CJ (Charel) van der Berg (Pietermaritzburg)
- o Vrydag 4 Oktober: Ds SA (Schalk) Kok (Potchefstroom-Noord) en dr A (Annette) Potgieter (Rustenburg-Tuine)

Gemeentes en bediening

- **Ds Adriaan Roets** van Gemeente Swartkop het 'n **nuwe e-posadres** nadat 'n kuberkraker sy rekenaar aangeval het. Moenie e-posse van die ou adres (ahroets@telkomsa.net) af oopmaak nie as gevolg van virusse. Die nuwe e-posadres is visarend1159@gmail.com.
- **Gemeente Carletonville** bevestig weer eens hul **huidige e-posadres**. Dit is steeds nhkacville2@gmail.com.
- **Bydraes aan die Bybelgenootskap**. Die Bybelgenootskap se finansiële jaar eindig op 31 Oktober. Hiermee net 'n vriendelike versoek aan gemeentes om asseblief u bydraes vir 2019 nou reeds direk by die Bybelgenootskap in te betaal. Die **mikpunt** is steeds **een Bybel per lidmaat**, dit wil sê, **R55 per lidmaat per jaar**. Die eredienskollekte van Hervormingsondag, vanjaar op Sondag 27 Oktober, word per besluit van die AKV ook aan die Bybelgenootskap oorbetal. Kontak Anne-Marie Malan by malan@biblesociety.co.za of 011 970 4010 vir navrae oor uitstaande bedrae, bankbesonderhede en die korrekte donateursnommer vir u gemeente. Baie dankie vir u positiewe gesindheid en al die pogings wat aangewend word om te verseker dat God se Woord aan almal beskikbaar gestel word.
- Die **Grootfontein/Tsumeb-kombinasie** beskik tans oor 'n **vakante werkruiimte vir voltydse bediening**. Die afstand tussen die twee gemeentes is 60 km, met eredienste in albei gemeentes op Sondae, sowel as eredienste op Oshakati (290 km vanaf Tsumeb) en Rundu (260 km vanaf Grootfontein) soos deur die kerkrade bepaal. Versorgingsvoordele is volgens die Kerk se vergoedingskale en 'n finale pakket sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word. Aansoekers tot en met 'n 10-jaar-skaal sal voorkeur geniet. Die kerkrade behou die reg om ook kandidate wat nie aansoek doen nie te oorweeg, tot die kortlys toe te voeg of weg te laat, asook om die werkruiimte te vul wanneer dit geleë is. Belangstellende predikante en proponente van die NHKA kan die konsulent, ds Nelius van Niekerk, by neliusvniekerk@gmail.com kontak met verdere navrae. **Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 30 September 2019**. Die beroep is onderhewig aan die verkryging van 'n werkpermit vanaf die Namibiese regering.
- **Preekgeleenthede in Sabie en Witrivier**. Teologiestudente, predikante en dosente wat gedurende Desember 2019 in hierdie omgewing vakansie hou, word genooi om die volgende eredienste te lei:
 - o 25 Desember 2019: Witrivier 07:00 en Sabie 09:00
 - o 29 Desember 2019: Sabie 08:00 en Witrivier 10:00
 - o 5 Januarie 2020: Sabie 08:00 en Witrivier 10:00Vergoeding teen vasgestelde tariewe
Navrae: nhsabie@telkomsa.net
013 764 1813 Maandae, Woensdae en Vrydae 08:00-13:00



- Die **bekers met die NHKA-logo** (sien advertensie hierbo) is nou beskikbaar by die Boekwinkel in Derdepoort vir afhaal, en sal ook by die AKV beskikbaar wees. Die bekere sal nie versend word nie. Kontak mev Sarie Roux by 012 322 8885 x3025 of sentik@nhk.co.za.
- Die **SP Engelbrecht-museum** is op soek na 'n spogmoorie Nagmaaltafeldoek en valsdoeke vir ons Nagmaaluitstaltafel. Dalk gehekel of met kant, borduurwerk of iets dergeliks, asseblief. Dalk is daar 'n ekstra een wat gemeentes nie meer gebruik nie. Die kosters en diakens sal weet. Kontak ds Johann de Bruin by 082 733 3951 of cjdb@telkomsa.net.

Vergaderings

- Donderdag 19 September: Gekombineerde Finkom: Rata, Kinderhuise en Plesion
- 22 tot 26 September: 72ste AKV
- Woensdag 2 Oktober: Plesion Dagbestuur

Kerkargief

- Op Saterdag 14 September het die **Genealogiese Genootskap (GGSA) se Noord-Transvaaltak** 'n Familienavorsingsimposium in Lyttelton aangebied. Die Kerkargivaris, mnr Nándor Sarkady, was een van die vier sprekers. Die geleentheid is deur 'n aansienlike groep bygewoon. Die **Kerkargief** en die GGSA vat al jare lank hande om **historiese doop-, lidmaat- en huweliksregisters** so goed moontlik beskikbaar te stel vir navorsing. Dit het in die laaste jare verskeie digiteringsprojekte opgelewer (sien skakels op die Kerk se webwerf www.nhka.org),



en die meeste navorsing vind deesdae aanlyn plaas. Die GGSA is 'n uiters aktiewe liggaam met besondere kundigheid onder hul lede (waarvan 'n aantal natuurlik ook Hervormers is), en vorm een van die grootste navorsingsblokke vir kerklike argiewe. Die uitruil van inligting by sulke geleenthede toon weer hoe veeldoelig kerklike argiefmateriaal is. So kan familienavorsing byvoorbeeld antwoorde oor hul herkoms bied aan kinders wat aangeneem is. Een van die nuwe velde wat die GGSA ondersoek, is die moontlikhede wat nuwe DNS-inligting bied in die mediese geskiedenis van sekere families, dus ook binne kerklike families. Afrikaanssprekende families het histories 'n besondere vermoë om stamvaders veral deur kerklike registers te kan aandui. Dit beklemtoon weer hoe belangrik dit is om byvoorbeeld doopregisters korrek te bly invul sodat familieverbande sigbaar kan bly. **Op die foto** is mnr Otto Diedericks, voorsitter van die GGSA se Noord-Transvaaltak (links), en die Kerkargivaris, mnr Nándor Sarkady.

- **Kerkargief by die AKV.** Gemeentes wat oorweeg om argiefstukke by die AKV af te dra, moet asseblief **vooraf** met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, in verbinding tree by argief@nhk.co.za. Let op die **riglyne vir bewaring** (www.nhka.org → Amptelik → Argief → Versamelbeleid van die Kerkargief → Riglyn vir bewaring van argiewe) vir gemeentelike argivalia en sluit net stukke in wat vir permanente bewaring in aanmerking kom. Pakkette, bokse en koeverte wat bedoel is vir die Kerkargief moet deeglik gemerk wees vir die Kerkargief en sal net Maandag 23 en Dinsdag 24 September by Gemeente Wonderboom ontvang kan word.

'n Gedig

herinnering

met die breek van die dag elke oggend vroeg
het ek en my ouma die land omgeploeg,

mieliepitte in voortjies geplant en later
die yl plantjies gevoed met brakkerige water.

as die stilte van skemer op die land kom hurk,
het ons die donkie uitgespan en die vurk

gebêre, en stil met die voetpad langs gestap.
later dankbaar geproe aan die soet van ons pap.

Tom Gouws

(Uit: Bestekopname; in *Syspoor*, 2002)

Kerklike publikasies

- **Bybelse Dagboek / Almanak 2020**
R185 (versending uitgesluit)
Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk
én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag
Bestel nou by sentik@nhk.co.za
- **Bybelse Dagboek / Almanak 2019**
Was R180, nou net R100 (versending uitgesluit)
Bestel by sentik@nhk.co.za



Dagboeke vir 2020
Van der Hoff Teologiese Vereniging

Beskikbaar by die Algemene Kerkvergadering
Beperkte hoeveelheid
Besoek vroegtydig Van der Hoff se tafel by die AKV

R120
A5
NHKA

Barmhartigheid

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff vir R366 160. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria: die ideale plek vir u aftrede. Ruim drieslaapkamer-woonregwoonstelle teen R1 164 940 vir afgetredenes beskikbaar. Die wooneenhede is reeds beskikbaar, in 'n rustige omgewing naby busroetes en 'n winkelkompleks. Verskeie dienste word op die perseel gelewer, asook sosiale aktiwiteite. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergewone met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakke bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
Lewensreg te koop
 2-slaapkamer @ R560 000
 1½-slaapkamer @ R520 000
 1-slaapkamer @ R515 000
 Groot tuine om in te ontspan
 Geen versorging
Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
 Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
 012 329 4318 / 084 920 8723



Toerusting

- **Kursus om as spirituele begeleier opgelei te word.** Die kursus word in 7 blokke van 3 dae aangebied oor 'n tydperk van 15 maande. Die klem lê op ervaring en inoefening. Meestal by Stellastraatgemeente van die NG Kerk in Brooklyn, Pretoria, en gedeeltelik by Origins-retreatsentrum naby Rustenburg. Dit val onder toesig van die NG ring van Suidoos-Pretoria en is ook met Excelsus van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan 150 VBO-punte verdien. Daar is sewe aanbieders betrokke. Volgende jaar se kursus sal die 11de wees. **Aansoeke sluit op 30 September 2019** en die **kursus begin op 17 Februarie 2020**. Navrae: Willem Nicol wnicol@mweb.co.za / 083 966 7831.

Allegaatjie

...diep deurleefde smart en herinneringe aan die geliefde (is) 'n feesviering van die voortgaande lewe; 'n bevestiging dat jou mensheid deur die geliefde se lewensteenwoordigheid gevorm is en steeds deur nagedagtenis gevorm word. Wie dit begryp, weet dat smart oor 'n geliefde keer op keer en ná baie jare kan en móét terugkeer – soms in 'n berekende gedagtegang, soms pynlik onverwags. En dat die vorm van jou verdriet kosbare besit is. Dít alles saam is deel van aangaan met die lewe. (Wilhelm Jordaan, Beeld 28 Augustus 2019)

Fondsinsamelings

- **Gemeente Sionspoort en EPR Sekuriteit** bied op **Saterdag 21 September 'n 4x4-uitdaging** aan. Daar is drie moeilikheidsgrade om alle vaardigheidsvlakke te toets. Baie aksie en heerlike kos, pret en vermaak (ook vir die kinders) die hele dag. Plek: Doringfonteinpan, Rodora (R41) (26 12'57.60" S, 27 30'22.89" E). Vir meer inligting, kontak dr Johan van Staden by 082 464 1547 of besoek ons op Facebook by EPR 4x4.

Konserte en feeste

- **Uitnodiging aan oudstudente van die PU vir CHO.** Die **Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika** herdenk vanjaar hul **150ste bestaansjaar**. Met

die oprigting van die Teologiese Skool in 1869 is terselfdertyd besluit om 'n Literariese Departement vir studente in ander studierigtings as Teologie op te rig. Hierdie besluit was die begin van die latere Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Die 150-jarige herdenking gaan gepaard met verskeie feesgeleenthede: Onder andere het 'n fietstoer deur 'n teologiestudent van Burgersdorp na Potchefstroom gedurende Maart plaasgevind. Later vanjaar vind 'n feeskongres, galadinee en musiekuitvoerings plaas. Die bestuur van die Noordwes-Universiteit (wat onder andere uit die PU vir CHO gegroei het) het egter ten spyte van verskeie versoeke besluit om nie op enige wyse betrokke te raak nie. Daarom het 'n aantal oudstudee van die PU vir CHO besluit om **as alumni** 'n eie **feesgeleentheid** te reël vir **30 November** in Potchefstroom. Volledige inligting oor die **PUK150 Fees** is beskikbaar by <https://puk150.co.za>. Daar is ook 'n skakel op die webadres waar oudstudee aanlyn kaartjies kan koop. Navrae kan ook gerig word aan prof Callie Coetzee (callie.coetzee@nwu.ac.za / 082 337 7951), voorsitter van die reëlingskomitee.

Basaars en markte

- **Gemeente Bronkhorstspuit**
Braairestaurant: Vrydagaand 4 Oktober vanaf 17:30
Kom geniet 'n heerlike kruisskyf met skyfies en slaai
Of 'n hamburger met skyfies
Basaar: Saterdag 5 Oktober vanaf 07:30
Beste kwaliteit vleis, pap-en-kaiings, kerrie-en-rys
Sampioene- asook tjips-op-'n-stokkie
Pannekoek, vetkoek, gebak, nagereg
Teetuin, kindertafel en vele meer
Kom geniet die dag saam met ons
Navrae: 013 932 2929
- **Gemeente Pretoria-Oos: Kersmark**
24, 25 en 26 Oktober
Delyweg 100, Waterkloofpark
Uitstallers welkom
Kontak Chaneen Dippenaar vir aansoekvorms en meer inligting
kersmark@pretoriaoos.com
- **Emily Hobhouse-tehuis: Basaar en Kontreifees**
Saterdag 26 Oktober 08:00-15:00
Malherbestraat 55, Capital Park
Pannekoek, *jaffles* en meer
Vars vleis, groente en gebak
Hulp nodig met gebak, bestanddele en by tafels
Gaskunstenaar Gary Forwood, baie uitstallers
Navrae: 012 323 4891

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos**. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

O God, U is bokant ons,
en U was in u Seun een van ons.
U is ook ... in ons.
Mag ander mense dan vandag vir U in my raaksien.
Mag my lewe dit vir hulle makliker maak
om in u liefde te glo.
Mag ek alles aanvaar wat vandag oor my pad kom,
omdat ek weet dat U saam met my daarin sal wees.
Mag ek vandag oop oë hê vir die nood van ander
(en 'n bietjie minder behep wees met my eie).
Gee my 'n rein hart – sodat ek U sal sien.
Gee my 'n nederige hart – sodat ek u stem sal hoor.
Gee my 'n hart vol liefde – sodat ek in diens aan ander
vir U kan dien.
Gee my 'n hart vol geloof – sodat ek in U sal bly.

Dag Hammarskjöld

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé, 2014)